




“Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees.”

AFSPRAKE WAT SAAK MAAK (3)

VERLIESE

Gen 9:12-16

12En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte:

13 my boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

14As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke,

15dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.

16As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is.

- *Kleure van die reënboog: Rooi, oranje, geel, groen, blou, indigo, violet.*
- *Reënboog verskyn na die storm (verlies in jou lewe). Wanneer die seisoen van verlies verby is, gaan daar weer iets goeds in jou lewe gebeur.*

Skrif: Ps 34:20

1953

20 Resj. Menigvuldig is die teespoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom.

KJV

ⲱ Shin 20He keepeth all his bones: Not one of them is broken.

TPT

20 God will be your bodyguard to protect you when trouble is near. Not one bone will be broken.

- *TPT vertaal: God sal jou lyfwag wees om jou te beskerm wanneer moeilikheid naby is. Nie een been sal gebreek word nie.*
- *Die belofte kom na die storm dat God ons sal red.*

1. Verlies is onafwendbaar

Job 1:1

1953

Job bly in teespoed aan God getrou.

1DAAR was 'n man in die land Us wie se naam was Job; en dié man was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad.

KJV

1There was a man in the land of Uz, whose name was Job; and that man was perfect and upright, and one that feared God, and eschewed (*vermy*) evil.

NLV

1Daar was 'n man met die naam Job. Hy het in die land Us gewoon. Hy het onberispelik geleef en was 'n man met integriteit. Hy het God gedien en nie die verkeerde gedoen nie.

- Job was 'n man met integriteit.

Job 1: 13-22

1953

13En op 'n dag, terwyl sy seuns en sy dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hul oudste broer,

14kom 'n boodskapper na Job en sê: Terwyl die beeste aan ploëë was en die esels aan wei langs hulle,

15het die Sabeërs 'n inval gedoen en dit weggeroof, en hulle het die dienaars met die skerpte van die swaard verslaan; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel.

16Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: Die vuur van God het van die hemel geval en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel.

17Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: Die Chaldeërs het drie leërafdelings opgestel en 'n aanval op die kamele gemaak en dit weggeroof, maar hulle het die dienaars met die skerpte van die swaard verslaan; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel.

18Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer,

19toe daar meteens 'n groot wind oor die woestyn kom wat die huis aan die vier hoeke gryp; en dit het op die jongmense geval, sodat hulle gesterf het; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel.

20Toe staan Job op en skeur sy mantel, en hy het sy hoof geskeer en in aanbidding op die grond geval

21en gesê: Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!

22 By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie.

KJV

His Afflictions

13And there was a day when his sons and his daughters were eating and drinking wine in their eldest brother's house:

14and there came a messenger unto Job, and said, The oxen were plowing, and the asses feeding beside them:

15and the Sabeans fell upon them, and took them away; yea, they have slain the servants with the edge of the sword; and I only am escaped alone to tell thee.

16While he was yet speaking, there came also another, and said, The fire of God is fallen from heaven, and hath burned up the sheep, and the servants, and consumed them; and I only am escaped alone to tell thee.

17While he was yet speaking, there came also another, and said, The Chaldeans made out three bands, and fell upon the camels, and have carried them away, yea, and slain the servants with the edge of the sword; and I only am escaped alone to tell thee.

18While he was yet speaking, there came also another, and said, Thy sons and thy daughters were eating and drinking wine in their eldest brother's house:

19and, behold, there came a great wind from the wilderness, and smote the four corners of the house, and it fell upon the young men, and they are dead; and I only am escaped alone to tell thee.

20Then Job arose, and rent his mantle, and shaved his head, and fell down upon the ground, and worshipped,

21and said, Naked came I out of my mother's womb, and naked shall I return thither: the LORD gave, and the LORD hath taken away; blessed be the name of the LORD.

22In all this Job sinned not, nor charged God foolishly.

NLV

13Eendag het Job se seuns en dogters by hulle oudste broer se huis geëet en wyn gedrink.

14Daar kom toe 'n boodskapper by Job se huis aan met die nuus: "Ons was aan't ploeg met die osse, en die donkies het ook daar rond gewei.

15Toe oorval skurke ons uit Skeba. Hulle het al die diere gesteel en al die werkers doodgemaak. Ek is die enigste een wat kon wegkom om dit vir u te vertel."

16Hy was nog besig met dié droewige verhaal toe 'n ander man by Job aankom met die nuus: "Weerlig het van God af uit die hemel geslaan* en al u skape en al die skaapwagters doodgeslaan. Ek is die enigste een wat oorleef het om dit vir u te vertel."

17Hy was nog besig om te praat toe 'n derde boodskapper by Job aangehardloop kom met die nuus: "Drie groepe Galdese rowers het al u kamele gesteel. Hulle het ook al u werkers doodgemaak. Ek is die enigste wat oorleef het om dit vir u te vertel."

18Hy was nog besig om vir Job van die tragedie te vertel toe nog 'n boodskapper met die nuus kom: "U seuns en dogters het partytjie gehou in die huis van hulle oudste broer.

19Skielik was daar 'n baie sterk wind wat van die woestyn se kant af gewaai het. Dit het die huis van alle kante getref, en die huis het inmekaargeval. Al u kinders is op slag dood. Ek was die enigste wat oorleef het om dit vir u te vertel."

20Job het toe opgestaan. Hy het sy klere stukkend geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond voor God geval.

21Hy het gesê: "Naak het ek uit my ma se skoot gekom, en naak sal ek weer wees die dag wanneer ek doodgaan. Die Here het my alles gegee wat ek gehad het, en nou het Hy dit alles weggeneem. Prys die Naam van die Here!"

22In alles wat gebeur het, het Job nie gesondig nie en God nie verwyt nie.

- *Job verloor sy al finansies en sy kinders op een dag.*
- *Hoe het Job gereageer? Hy het sy klere stukkend geskeur en sy hare afgeskeer. Hy was platgeslaan, maar het steeds tot God gebid!*

Job 2:3-10

1953

3 En die Here vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak.

4Toe het die Satan die Here geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe;

5 maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!

6En die Here sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.

7En die Satan het weggegaan van die aangesig van die Here, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel.

8En hy het vir hom 'n potskerf geneem om hom daarmee te krap, terwyl hy in die as sit.

9Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf!

10Maar hy antwoord haar: Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.

KJV

3And the LORD said unto Satan, Hast thou considered my servant Job, that there is none like him in the earth, a perfect and an upright man, one that feareth God, and escheweth evil? and still he holdeth fast his integrity, although thou movedst me against him, to destroy him without cause.

4And Satan answered the LORD, and said, Skin for skin, yea, all that a man hath will he give for his life.

5But put forth thine hand now, and touch his bone and his flesh, and he will curse thee to thy face.

6And the LORD said unto Satan, Behold, he is in thine hand; but save his life.

7So went Satan forth from the presence of the LORD, and smote Job with sore boils from the sole of his foot unto his crown.

8And he took him a potsherd to scrape himself withal; and he sat down among the ashes.

9Then said his wife unto him, Dost thou still retain thine integrity? curse God, and die.

10But he said unto her, Thou speakest as one of the foolish women speaketh. What? shall we receive good at the hand of God, and shall we not receive evil? In all this did not Job sin with his lips.

NLV

3“Het jy vir Job raakgesien? Hy dien My. Daar is nie nog iemand soos hy nie. Hy lewe onberispelik. Hy is 'n mens met integriteit. Hy dien My en doen nie die verkeerde nie. En hy hou aan om My te dien, al het jy My ook oorreed om sonder enige oorsaak aan hom skade te doen,” sê die Here vir die aanklaer.

4Die aanklaer antwoord die Here: “Hy dien U maar net omdat U dit goed laat gaan met hom.* 'n Mens sal immers enigiets gee om sy lewe te red!

5Maar tas hom aan en vat sy gesondheid weg, dan sal U sien hoe vloek hy U in u gesig!”

6“Goed, doen met hom wat jy wil. Spaar net sy lewe,” sê die Here vir die aanklaer.

7Die aanklaer is toe weg van die Here af. Hy het Job met pynlike swere getref. Sy hele lyf was oortrek van die swere.

8Job het op die ashoop gaan sit en met 'n gebreekte potskerf sy swere gekrap.

9Sy vrou vra hom: “Hoekom hou jy aan om die Here te dien? Vloek God en sterf!”

10Job het haar geantwoord: “Jy praat nou soos 'n mens wat God glad nie ken nie. Ek het die goeie geskenke uit God se hand aanvaar. Moet ek nie nou ook die slegte aanvaar nie?” Job het steeds niks verkeerds gedoen of gesê nie.

- *Kan God met my spog? Kan God my vertrou / verloor ek alles?*
- *Satan wil hê jy moet twyfel in God en so jou van God af steel. Satan wil hê jy moet twyfel dat God in beheer is.*
- *Job het sy gesondheid ook verloor.*
- *Wat kan ek doen om nie verbitterd te raak met my verliese nie? Fokus op God. Hy is steeds in beheer. Omring jou met positiewe mense.*

Job 42:2, 5 & 10

1953

2Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.

5Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.

10En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

KJV

2I know that thou canst do every *thing*, And *that* no thought can be withholden from thee.

5I have heard of thee by the hearing of the ear: But now mine eye seeth thee.

10And the LORD turned the captivity of Job, when he prayed for his friends: also the LORD gave Job twice as much as he had before.

NLV

2“Ek weet nou U kan enigiets doen, en niemand kan U keer nie.

5Tot nou toe het ek net met my ore van U gehoor, maar nou het ek U met my eie oë gesien.

10Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here hom weer voorspoedig gemaak. Trouens, die Here het hom twee keer soveel gegee as wat hy voorheen gehad het.

- *Wat het Job geleer in hierdie seisoen van verliese? God is steeds in beheer.*
- *Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die reënboog gekom na die storm.*

2. Na die storm is daar 'n reënboog

Gen 50:20

1953

20Want julle het wel kwaad teen my bedink, *maar* God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.

KJV

20But as for you, ye thought evil against me; *but* God meant it unto good, to bring to pass, as *it is* this day, to save much people alive.

NLV

20Julle het my wel kwaad aangedoen, maar God het die kwaad wat julle gedoen het, omgekeer in iets wat goed is. Hy het deur my gesorg dat 'n groot volk oorleef.

- *Wanneer gaan dit stop. Wanneer gaan dit beter word? God het die kwaad omgedraai in 'n wins.*
- *Die Here laat toe dat jy deur verliese gaan sodat jy iemand kan help.*

Joël 2:24-26

1953

24Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop.

25En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het — my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het.

26Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die Here julle God prys wat wonderbaar met julle handel het, en **my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.**

KJV

24And the floors shall be full of wheat, and the fats shall overflow with wine and oil.

25And I will restore to you the years that the locust hath eaten, the cankerworm, and the caterpillar, and the palmerworm, my great army which I sent among you.

26And ye shall eat in plenty, and be satisfied, and praise the name of the LORD your God, that hath dealt wondrously with you: and my people shall never be ashamed.

NLV

24Daar sal weer hope koring op die dorsvloere wees. Die parskuipe sal oorloop van wyn en olyfolie.

25Die Here sê: "Ek sal herstel wat julle deur die stropersprinkane, die snysprinkane, die swermsprinkane en die jong sprinkane verloor het. Ek het hierdie groot, vernietigende leër teen julle gestuur.

26"Julle sal weer al die kos kry wat julle begeer. Julle sal die Here julle God loof wat hierdie wonders vir julle moontlik maak. My volk sal nooit weer so in die skande kom nie.

- *Daar kom 'n einde. Ek sal jou vergoed! sê die Here. Alles wat die vyand van jou gesteel het, sal die Here vir jou teruggee.*

Matt 19:29

1953

29En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.

KJV

29And every one that hath forsaken houses, or brethren, or sisters, or father, or mother, or wife, or children, or lands, for my name's sake, shall receive an hundredfold, and shall inherit everlasting life.

TPT

19honor your father and mother, and love those around you as you love yourself."

- Verlaat alles en almal om Jesus te volg.
- Jy sal 100 maal soveel ontvang. Job het dubbel soveel ontvang.
- God weet van my verlies. Ek staan nie alleen nie.
- Kom op 'n punt in jou lewe en gee jou verlies vir die Here

Belofte

Hag 2:9

1953

9Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die HERE van die leërskaar; en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die HERE van die leërskaar.

KJV

9The glory of this latter house shall be greater than of the former, saith the LORD of hosts: and in this place will I give peace, saith the LORD of hosts.

NLV

9Die toekomstige roem van hierdie tempel sal baie groter wees as wat dit in die verlede was, sê die Here, die Almagtige. Ek sal in hierdie plek vrede bewerkstellig. Ek, die Here, die Almagtige, bevestig dit!"

- *Miskien kyk jy na jou omstandighede en sien nie vrede nie. God sal vir jou vrede gee.*
- *Moenie dat verliese jou verbitterd maak nie.*

Aanname

1. Die verliese wat jy kry maak jou nie 'n mislukking nie.
2. Verliese verander nie God se plan en droom vir jou nie.
3. Verliese beteken nie die einde nie. God gee nie op nie!
4. God herstel jou verlies en verander dit in 'n wins.